

Grondhervorming: Redes vir gesloer blootgele

JOHANN KIRSTEN

In, enersyds, 'n striemende aanval op die Wêreldbank se invloedryke rol in Suid-Afrika se grondhervormingsproses en, andersyds, 'n kritiese ontleding van die Regering se benadering tot die grondkwessie, verwerp 'n bekende landbou-akademikus die gewilde redes vir trae grondhervorming.

Berigte in die media oor twee besprekingsdokumente, opgestel in opdrag van die Direkteur-generaal van die Departement van Grondsake, het onlangs groot reaksie uitgelok. Dié dokumente handel onderskeidelik oor die beginsel van 'n gewillige koper en 'n gewillige verkoper in die grondherverdelingsproses en oor die moontlikheid van grondbelasting.

Albei dokumente is opgestel in die lig van die stadige vordering met grondhervorming en probeer in wese maniere vind om dié proses te bespoedig. Die dokumente probeer ook die fout by die huidige beleid en stelsel van grondhervorming vind sonder dat enige selfondersoek binne die Departement van Grondsake gedoen word oor die stelsels, vermoë en prestasie binne die departement.

Die swak prestasie van die departement word geïllustreer deur die feit dat die Departement van Grondsake aan die einde van die onlangse boekjaar R1,2 miljard onbestede geld aan die staatskas teruggegee het. Die departement is vinnig om die skuld hiervoor op die boere te plaas, terwyl die eintlike fout dalk by die amptenare en hul vermoëns lê.

Sonder om nóg onnodige kritiek voor die departement se deur te lê en emosies verder op te jaag, is dit belangriker om erkenning te gee aan die belangrike taak wat uitgevoer moet word. Daarom wil ek met hierdie artikel wys op 'n paar aannames wat werklik gevaarlik is en in wese die kredietwaardigheid van die dokument en die mense wat die dokument opgestel het, diep onder verdenking plaas.

Dit is belangrik om hierdie sake uit te klaar om te verseker dat die debat oor die pas van grondhervorming op 'n sinvoller grondslag gevoer word.

Luidens die dokument oor die beginsel van 'n gewillige koper en 'n gewillige verkoper is die rede vir die herbesinning oor dié beginsel as 'n instrument vir grondhervorming deur 'n reeks faktore aangevuur. Hierdie faktore sluit die volgende in:

- Die stadige pas van grondhervorming oor die afgelope elf jaar.
 - Die stygende pryse van grond wat ingevolge programme vir grondherverdeling en restitusie gekoop word.
 - Die beperkte sukses in die herverdeling van grond van 'n hoë gehalte naby markte.
- Uit die besprekingsdokument is dit duidelik dat die navorsing oor die vordering asook die “styging in grondpryse” op weinig empiriese bewyse of selfs op baie swak en onwetenskaplike navorsing gegrond is. Elkeen van die aannames of beskuldigings word vervolgens bespreek.

Die pas van grondhervorming 1994 tot 2004

Die dokument bespreek die vordering met grondhervorming in groot detail en wys op die stadige groei in die aantal transaksies die afgelope paar jaar. Die groot probleem

met hierdie analise is dat die skrywers net die departement se programme in berekening bring en dit geensins met die aantal private transaksies vergelyk nie. In private transaksies koop swart mense grond sonder om die departement se hulp te gebruik. In een van my vorige navorsingsprojekte kon ons aantoon dat hierdie transaksies gewoonlik baie meer is as die staatsondersteunde transaksies – hoofsaaklik weens die slakkegang waarteen die staatsmasjinerie loop. Daar is ook heelwat gerugte van swart boere wat self plase gekoop het, maar toe hulle daarna om LRAD-hulp aansoek doen, is dit geweier.

Navorsing in KwaZulu-Natal deur mnre. Mike Lyne en Stuart Ferrer (sien Agrekon, September 2006) toon dat transaksies wat deur die LRAD-program gefinansier is, net vir 50 % van alle herverdeelde grond – aan swart mense verkoop – verantwoordelik was. Die individue en groepe wat die LRAD-program gebruik het, het gemiddeld R734/ha betaal, terwyl die boere wat op eie stoom hul grond bekom het, gemiddeld R3 651/ha betaal het.

Die skrywers het ook bevind dat private aankope van landbougrond deur swart boere in KwaZulu-Natal in die tydperk 1997 tot 2003 altesame 82 296 hektaar beloop het. Die grondaankope deur die Regering se programme gefinansier, het net 74 671 hektaar oor dieselfde tydperk beloop. Dit is verder duidelik dat daardie transaksies wat deur private verbande gefinansier is, 'n baie groter deel van die “grondrykdom” aan swart mense oorgedra het, naamlik R134,55 miljoen teenoor die waarde van die regeringstransaksies van R36,25 miljoen vir die tydperk 1997 tot 2001.

Die situasie het darem verbeter ná die instelling van die LRAD-program omdat private geld nou met die staatsubsidie saamgevoeg kan word. Wat hierdie navorsingsbevindinge illustreer, is dat die Departement van Grondsake geen idee het hoeveel grond deur swart mense buite die grondherverdelingsprogramme gekoop word nie. Die werklikheid is dat ons via hierdie transaksies waarskynlik heelwat nader aan die doelwit van 30 % – ten minste 50 % nader as wat die Departement van Grondsake en die skrywers van die dokument beweer.

Die prys van grond

Die argument rondom die stygende grondpryse is só onwetenskaplik dat 'n mens amper nie kan glo die skrywers gebruik dit as 'n voldonge feit en een van die redes vir die stadige pas van grondherverdeling nie. Die probleem met die ontleding wat in die dokument gebruik word, is dat dit glad nie grond van dieselfde gehalte en produksiepotensiaal vergelyk nie. Geen grondige afleidings kan dus gemaak word van die prysneigings wat gerapporteer is nie.

Grondpryse het weliswaar gedurende 2002 en 2003 gestyg, maar dit was hoofsaaklik weens die styging in kommoditeitspryse en uitvoerverdienste en hoofsaaklik in reaksie op die swakker wisselkoers. Die vraag na grond via die grondhervormingsprogram het waarskynlik net 'n minimale effek op hierdie negings gehad.

Kyk maar na huispryse die afgelope vyf jaar. Dit volg min of meer dieselfde neiging as grond. Daar is dus nie eintlik iets sinister agter die styging in grondpryse nie. Die gemiddelde grondpryse betaal deur swart en blanke boere in KwaZulu-Natal sedert 1997 word in tabel 1 aangedui en hieruit is dit duidelik dat die voorheen benadeelde boere en begunstigdes in die grondhervormingsprogram betreklik laer pryse betaal het vir hul grondaankope. Weer is die gehalte van die grond nie in ag geneem nie, maar nietemin verskaf dit 'n ander perspektief op die stellings wat in die dokument gemaak word.

Grondbelasting

Die idee rondom die instelling van grondbelasting is dat dit gesien word as 'n meganisme om meer grond vir grondhervorming beskikbaar te stel. Dit is gegewe die aanname dat daar nie genoeg grond vir herverdeling op die mark beskikbaar gestel word nie. Die data uit KwaZulu-Natal is weer voldoende om hierdie wanopvatting te weerlê (tabel 2).

Die grondbelastingidee is iets wat nou weer geopper word nadat dit in die oorgangsjare 1993 tot 1995 as 'n moontlike meganisme oorweeg is. Op grond van die minimale sukses in ander lande en die opvatting dat dit nie eintlik ekstra grond op die mark sal bring nie en baie duur sal wees, is dié idee destyds laat vaar. Waarom dit nou weer ter sprake kom, is werklik onverstaanbaar. Veral nadat die munisipale grondbelasting deur plaaslike owerhede reeds geïmplementeer word. Grond word dus reeds belas.

Die instelling van 'n grondbelasting deur die Departement van Grondsake sal 'n grondwetwysiging vereis – iets wat in die huidige omstandighede nie sommer oorweeg sal word nie. Oor die algemeen is hierdie idee maar bloot net “stories vir die vaak” en neem dit net die amptenare weg van hul eintlike taak, soos reeds in die huidige beleid uitgespel is.

Dit is waarskynlik nodig om die volgende woorde van dr. Mohammad Karaan, voorsitter van die Nasionale Landboubeoordelingsraad, in sy F.R. Tomlinson-gedenklezing van Junie 2006 onder die aandag van die skrywers van die dokumente, die Departement van Grondsake en die lesers van Landbouweekblad te bring. Na my mening is dit baie waar woorde:

“Land reform does not suffer from a lack of political or economic goodwill. Instead it suffers from a lack of business incentives that facilitated collaboration between state and market. For instance, once land is transferred to beneficiaries the market is not sufficiently incentivised to enhance economic activity. On the contrary, markets would often penalize new entrants who are less able to deal with risks and economic realities. Often this is purported as state failure, instead of market failure. Again, it is not the lack of will but rather the lack of synchronisation between state and market that fails land reform. The targeting of land reform has not been directed with the result that initiatives were hardly prioritized.”

Die vraag wat ook in hierdie jongste debat gevra word, is hoekom soveel buitelanders gebruik is om hierdie besprekingsdokumente op te stel. Het ons as Suid-Afrikaners nie genoeg kundigheid om hierdie soort ontledings te doen nie? Inteendeel, dit is Suid-Afrikaners wat in hierdie land moet woon en die beste moet maak van die hervormingsprosesse, wat werklik sinvoller oplossings behoort te gee.

Dit is egter só dat die bydraes van Suid-Afrikaanse kundiges en akademici deurentyd geblokkeer word deur 'n senior ekonoom van die Wêreldbank se kantoor in Suid-Afrika wat ook as raadgewer binne die Ministerie van Landbou en Grondsake optree. Dié ekonoom adviseer die topbestuur en fluister in hul ore dat Suid-Afrikaanse akademici en boere almal teen grondhervorming is, hoewel die meeste van ons op menige terrein probeer verseker dat die proses suksesvol verloop.

Die sogenaamde “eksperts” word daarom betrek en hulle gebruik Suid-Afrika se probleme as net nog 'n studie. Met hul idees geskoei op die neo-liberalisme van die “Washington consensus” probeer hulle vir ons as Suid-Afrikaners voorskryf.

Prof. Johann Kirsten is hoof van die departement landbou-ekonomie, voorligting en landelike ontwikkeling, Universiteit van Pretoria.